# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (39/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick 16 Oktober 2015*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "It is the weight, not number of experiments, that is to be regarded" Isaac Newton***

## HOE GOED WAS DIE 2016 OES SKATTINGS

In Maart hierdie jaar het lede van die Variëteitsfokusgroepe (VFG) skattings vanaf hul streke voorberei, hierdie skattings is toe oorweeg en aanvaar deur die Sitrusbemarkingsforum (CMF). Gister het die CMF die akkuraatheid van hierdie skattings geëvalueer. Inaggenome dat die suidelike areas nog besig is om die laaste bietjies te pak, kan daar laat veranderings wees.

Voorheen was die doelwit altyd om met die skatting binne 10% van die werklikheid te wees; in die gesindheid van deurlopende verbetering mik ons nou vir binne 5%. Al die VFGs het die doelwit van 10% behaal; terwyl drie binne 5% was; Valencias wat gepak is was 5% meer as die aanvanklike skatting; nawels 3% onder; pomelo's 6% meer, suurlemoene 10% meer en sagte sitrus slegs 1% onder die skatting. Die algehele skatting was slegs 4% meer as die skatting wat in Maart voorberei is. Die algehele skatting was nou binne 5% van die werklike in die laaste 5 jaar – 'n groot prestasie vir almal betrokke. Die CMF het erkenning gegee aan die VFG-lede wat die naaste aan hul voorspellings was. Die vyf bestes was almal binne 1% van die werklike syfers - Stefan Bruwer van Boland Sagte Sitrus was 0.7% onder die skatting; Peter Nicholson van Limpopo Valencias was 0.5% onder terwyl Hendrik Schoeman van Senwes nawels 0.3% onder was. Die twee beste posisies is deur die derde desimaal bepaal; A J Esser van Nelspruit Sagte Sitrus was 0.008% onder terwyl die wenner, **Deon Joubert van Sondagsrivier Valencias** net 0.006% meer as die finale werklike syfer was.

## SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Aan die begin van die CMF is 'n berig van 1965 aan die afgevaardigdes voorgelees – volgens die berig het Suid-Afrika sopas die 10 miljoen uitvoerkartonne status bereik en is gesien as een van die wêreld se voorste sitrusuitvoerders. Vyftig jaar later en die bedryf is nou binne bereik afstand van 120 miljoen kartonne.

'n Paar van die hoogtepunte van die vergadering:

- Hoppie Nel het terugvoering gegee oor die Mededingingskommissie se opinie met betrekking tot die deel van inligting. Dit sal dan die bedryf lei op die pad vorentoe in 2016.
- Ernest Phoku (DAFF) het 'n opsomming gegee van die inligting wat by die 2015 Jaarlikse Koördineringsvergadering in Tzaneen bekend gemaak is, asook die planne vir 2016. Hy het die aantal afkeurings weens foutiewe karton merkvereistes en dokumentasie beklemtoon. Die bedryf moet meer aandag aan detail in hierdie verband gee.
- Deon Joubert het oor die CBS-kwessie verslag gedoen, en die aansienlike verbetering beklemtoon.
- Hoogtepunte van Rusland was die feit dat verskepings goed gekoördineer was, pomelo's se lewering meer verspreid was (wel gedoen - TASTE inisiatief), en invoere in lyn met die aanvraag gehou is; terwyl uitdagings met betrekking tot die swakker roebel, swakker koopkrag en probleme met sagte sitrus ondervind is.
- Hoogtepunte van Kanada sluit in die feit dat uitvoerders volgens die vereiste spesifikasies gelewer het, groei in vroeë sagte sitrus uitvoere, goeie gehalte vrugte en die "sakkie"-program. Uitdagings sluit die swakker Kanadese $, moeilike voedselveiligheidsvereistes, gewig beperkings en duurder kosteketting in.
- Die Midde-Ooste het 'n toename in volumes ervaar, veral suurlemoene. Suurlemoene het voordeel getrek uit die onvoorsiene mark aan die begin van die seisoen: in teenstelling met nawels wat 'n voller mark beleef het. Pomelo's en sagte sitrus het minder goed gevaar.
- EU se volumes na Noord-Europa het toegeneem terwyl volumes na Suid-Europa dieselfde as 2014 was. Die swakker Rand het tot die verdienstes bygedra.

## FITOSANITêRE REGISTRASIES

PUCs en PHCs moet vir fitosanitêre markte registreer. Dit kan gedoen word deur die aanlyn-registrasie hulpmiddel te gebruik wat by: http://dev.cga.co.za/PhytClean/index.php beskikbaar is. **DIT MOET VOOR 30 OKTOBER 2015 GESKIED.**

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 41 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 18.2 m | 15.6 m | 16.1 m | 15.3 m | 16 m | 15.3 m | 16.1 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 8.4 m | 9.9 m | 10 m | 9.6 m | 10 m | 10 m | 10 m | 10 m |
| Suurlemoene | 10.6 m | 13.2 m | 15 m | 12.9 m | 15 m | 13.6 m | 15 m | 13.2 m |
| Nawels | 25.4 m | 26 m | 24.5 m | 26 m | 24.5 m | 25.1 m | 24.5 m | 26 m |
| Valencias | 50.6 m | 50.1 m | 52.2 m | 44.9 m | 48.9 m | 49.1 m | **52.2 m** | 50.9 m |
| Totaal | 113.2 m | 114.8 m | 117.8 m | 108.7 m | 114.4 m | 113.1 m | 117.8 m | 115.7 m |

**Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**